




## IDIOME

Idiome met die woorde- skoen en geld.



Datum: \_\_\_\_\_

- Idiome met die woord skoen/skoene in.

1. Die stoute skoene aantrek en iets doen —

al jou moed bymekaarskraap en iets doen.

Die stoute skoene aantrek –

Om iets te waag.

2. Skoenmaker, hou jou by jou lees —

bepaal jou by dit waarvan jy iets weet en moenie jou bemoei met dinge waarvan jy geen benul het nie.

3. As die skoen jou pas, moet jy dit maar aantrek —

as jy skuldig is, moet jy dit wat gesê is maar op jouself toepas.

4. Sy hart sak in sy skoene —

sy moed begeef hom heeltemal.

5. Elkeen weet die beste waar die skoen hom druk –

Elkeen ken sy eie moeilikhede of swakhede die beste.

6. Moenie ou skoene weggooi voor jy nuwes het nie –

Moenie van iets wat oud of minder goed is, ontslae raak voor jy nie 'n nuwe het nie.

# 'n Pot vol goud

Platsak wees!

## Geld wat stom is...

Ek sou kon doen met 'n MILJOEN!

Dit ruik na geld

Op die koop toe!

Geld in die water gooi

Geld groei nie op my rug nie.

Vir Kaadgeld rondloop.

Dit kos 'n plaas se geld.

Ryk gesaai, bankrot geoes.

Platsak wees



Hy staan of hy geld in die bank het

Met iets te koop loop.

Met iets te koop loop.

Vir geen geld ter wêreld nie.

So arm soos 'n kerkmuis.

Moenie al jou geld op een perd sit nie.

Twee mossies vir 'n stuiwer.

Kop bo water hou.

Geld wat geel is maak reg wat steel is!

Hy is 'n Geldwolf!

Tyd is Geld!

As armoede by die voordeur inkom, vlieg liefde by die agterdeur uit.

Datum: \_\_\_\_\_

- Watter woord / sin / betekenis hou verband met die regte idioom?
- Maak die idioom en woord of betekenis wat bymekaar pas, dieselfde kleur .

<b>Al dra `n aap `n goue ring...</b>	<b>maag</b>
<b>Rome is nie in ____ dag gebou nie</b>	<b>...hy bly nog steeds `n lelike ding.</b>
<b>Waar daar `n rokie is...</b>	<b>...kry sy dag</b>
<b>Elke hond...</b>	<b>Hy verander kort – kort sy storie soos dit hom pas.</b>
<b>Daar is `n _____ in die kabel</b>	<b>...droë grond.</b>
<b>Sy draai geen _____ om nie</b>	<b>...is daar `n vuurtjie</b>
<b>Hy is `n regte manteldraaier beteken:</b>	<b>...goud in die mond.</b>
<b>Moenie die kind saam met die _____ uitgooi nie.</b>	<b>...ver van die boom nie.</b>

Datum: \_\_\_\_\_

<b>Skimpe tref net _____</b>	<b>Om iemand hard en ernstig met `n persoon te praat en te wys op reg en verkeerd.</b>
<b>Die appel val nie...</b>	<b>Hy / sy aard so reg na hul vader</b>
<b>Die morestond het ...</b>	<b>doekies</b>
<b>Aardjie na sy vaartjie beteken:</b>	<b>Iemand beskou `n geleentheid as `n aangename voorreg.</b>
<b>Soos `n vis op...</b>	<b>Dit beteken hulle is twee vriende wat baie na aan mekaar is.</b>
<b>As iets vir iemand `n riem onder die hart is beteken dit :</b>	<b>Iemand besluit om self `n taak te doen.</b>
<b>Hy is `n Judas, beteken:</b>	<b>...loontjie</b>
<b>Om iemand die Leviete voor te lees, beteken:</b>	<b>een</b>
<b>Om op eie eendjie aan te gaan, beteken</b>	<b>badwater</b>
<b>Boontjie kry sy ...</b>	<b>... varke</b>

Datum: \_\_\_\_\_

<b>Sy oë was groter as sy...</b>	<b>kinkel</b>
<b>Hulle is soos Dawid en Jonatahn van ouds, beteken:</b>	<b>lemand is `n regte verraaier</b>